# Gereformeerde Kerk Pietersburg

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

# Die Basuin

**25 Februarie 2018**

**Predikant:**
**ds. P.R. Gouws/ds. S.P. Venter**
**Pastorie: 015 296 1630/296 1840**
**Sel: 072 437 7938/082 809 0222**
**gouwspr@gmail.com of**
**sarel.pventer@gmail.com**

**EREDIENSTE:**
**09:00 en 18:00**

## Tema 2018 – *REFORMEREND VORENTOE*

| | |
|---|---|
| **OGGEND EREDIENS** | **ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | **Eksodus 12: 1 – 14** |
| | **Hebreërs 10: 1 – 4** |
| | **Hebreërs 10: 11 - 18** |
| **Tema** | **Die Here het ons verbygegaan** |
| | Lied 231: 1, 3 |
| | Psalm 149: 1, 2 |
| | Psalm 37: 2, 5 (Psalm 45) |
| | Psalm 130: 1, 2 |
| | Psalm 65: 2, 3 |
| | Lied 273: 1, 3 |

Die Pasga was 'n offer en 'n maaltyd. Pasga beteken die oorslaan van mense wat in God se opdrag en God se fees van bevryding skuiling te soek. Oral waar die bloed is, het die Here die huis met sy inwoners oorgeslaan. Die lam was die plaasvervanger. Die Pasga kan daarom met reg die onvoltooide fees genoem word. Die Here stuur vir ons sy Seun - die Lam. Hy voltooi die belofte van versoening in Sy bloed. Maar dit wys ook weer vorentoe - na die nuwe hemel en die nuwe aarde. Dit is waarnatoe ons op pad is. Kom ons berei voor in lewe, woorde en werke om die nuwe Jerusalem in te gaan.

| | |
|---|---|
| **AAND EREDIENS** | **ds. Retief Gouws** |
| **Skriflesing** | **Deuteronomium 6:1-15 [4-5 en 14-15]** |
| | **Heidelbergse Kategismus: Sondag 34 v&a 94-95** |
| **Tema** | **"... die Here is ons God, Hy is die enigste Here."** |

Psalm 75: 1, 4 & 6 [377]
Psalm 81: 10 & 11 [411]
Psalm 73: 11 & 12 [366]
**Na die diens:**
Psalm 92: 1 & 2 [465]
Psalm 16: 1 & 4 [61] (Tweede melodie)
Psalm 89: 6 & 7 [444]

Al aanbid ons nie meer vandag goue kalwers, of klip beelde nie, is die aanslag deur afgode vandag seker groter as ooit tevore. Die samelewing maak van elke individu ŉ afgod wat self kan besluit wat in sy lewe moet gebeur. Ons nuuskierigheid oor die toekoms laat ons gryp na voorspellings en gelukbringers, in plaas daarvan dat ons soek na die wil van die enige ware God. Daar is net een God. Laat ons Hom soek en leef in die genade van sy liefde.

- **Katkisasie**

Die katkisasie het reeds verlede week begin. Al die jongmense moet asseblief ***in die konsistorie bymekaar kom*** vir die opening. Ons sal vir diegene wat nog nie weet wie hul kategeet is nie mooi wys. Ons tyd is baie beperk, so ons vra dat julle asseblief vinnig sal maak sodat ons kan begin met die lessies.

Al die ***hoërskool*** katkisante moet onthou van ons ekstra (verpligte) katkisasieles na afloop van die eerste katkisasiesessie. Ons kom voor in die kerk bymekaar. Indien jy nie daar kan wees nie, maak asseblief verskoning by ds. Retief.

- **Gebeurtenisse hierdie week:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **25 Feb. 2018** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Ekumenisiteit (Buitelands) |
| 27 Feb. 2018 | **18:00** | Finansvergadering | |

- **Konsistoriediensbeurt 25/02/2018**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Diensbeurt:** | **C1 Welgelegen** | **Katkisasie:** | Gr. 4 |
| **Ouderling:** | Phillip van der Walt | **Diaken:** | Vakant |

- **Oog vir mekaar**
  - Met leedwese maak ons bekend die afsterwe van dr Daniël Nkulu – predikant van die Eglise de la Bonne Nouvelle – op 19 Februarie 2018.
  - Martin en Zelda Erasmus is ŉ kleindogter Leandré ryker, sy is op 13 Februarie gebore. Zelda se dogter Varuschka en skoonseun Christo Swart.
  - Liam Pretorius het die week ŉ klein operasie gehad om aan sy tande te werk. Ons is dankbaar dat alles goed verloop het.
  - Nolene Riley het die week geval en is in die hospitaal opgeneem. Ons dank die Here dat dit beter gaan en dat sy weer tuis is.

- Gerda Coetzer was die week in Pretoria in die hospitaal opgeneem vir toetse en behandeling.  Sy is Vrydag ontslaan en sterk goed aan.  Ons bede is dat die Here ook spoedige beterskap sal gee.

**Ons bid vir en saam met die volgende lidmate:**

- Lida Borman verwerk die chemoterapie wat verlede week begin het.
- André Bakker het Vrydagoggend die laaste bestraling ontvang.  Ons bid saam met julle dat die toetse positief sal wees.
- Santjie Bester wat kanker onder lede het.
- Ons bid vir ons senior lidmate wat ly onder die gevolge van die ouderdom. Mag die Here julle vashou in Sy troue liefde.
- Ons bid vir Johnny O'Reilly en Piet Fourie wat 'n breek in behandeling het en wat weer gereed maak vir die volgende fase.
- Ons is dankbaar dat Petro Enslin deur haar operasie is.  Sy is terug in haar woonstel.
- Baie geluk aan Nelie Badenhorst wat Donderdag dubbel ouma geword het.  Mag die Here julle almal seën.

- **Attestaat ontvang**

  Geen.

- **Attestaat uit**

  Geen.

- **Opgeneem in Gereformeerde Kerk**

  Geen.

- **Vertrek sonder attestaat**

  Geen.

- **Nuwe lidmate**

  Geen.

- **Algemeen**

- **Kantoorure – Vrydag 2 Maart**

  Lynda sal Vrydagmiddag in die kantoor wees en ongelukkig nie die oggend nie. Jammer vir enige ongerief.

- **Nagmaal**

  **Skryf asb. jou naam op die lys vir die gemeente-ete.  Susters bring asb. weer slaai vir 8 mense.  Daar is gratis vleis beskikbaar.  Bring eie drinkgoed en eetgerei.**

- **Finansies**

  Gemeente se inkomste vir Januarie: R170,736.29. Die uitgawes was: R216, 377.21. Dit beteken dat ons die jaar met -R45,640.92 afskop. Die nuwe Finanskommissie doen 'n beroep op lidmate om hulle tiendes getrou af te dra om die erediens in stand te hou.

- **SILWERDOPPERS**

  Die Silwerdoppers hou hulle maandelikse verkoping op **Vrydag, 2 Maart**. Die maand verkoop hulle heerlike **"Kerrie en rys"** teen R30 per bakkie. Bestellings kan geplaas word by Elmaree Peyper (082 795 9630) of Sarie Hattingh (082 567 0518) en kan op 2 Maart vanaf 12h00 by die kerk afgehaal word. 'n Beroep word op ons lidmate gedoen om die projek te ondersteun. Die geld wat op die wyse ingesamel word, is ten bate van die Silwerdoppers se Kruger Wildtuin besoek later vanjaar.

  Ons is ook besig om te kyk na 'n gesamentlike byeenkoms met Noord Gemeente se senior lidmate. 'n Datum en plek sal eersdaags aan al ons senior lidmate gestuur word.

- **Gemeente aksie – 25 Mei 2018**

  Sop en sjerrie aand, 25 Mei 2018 om 18:00. Almal word hartlik uitgenooi na ŉ aand van heerlik saam kuier.

- **Dominee, sê my asseblief:**

  Verlede jaar het van die katkisasie kinders (en hul nuuskierige ouers) ŉ voorstel gemaak dat ek ŉ weeklikse, kort stukkie in die Basuin plaas oor die werksaamhede en lewe van ŉ predikant. Vanuit die groepie kinders het ek reeds 26 vrae gekry om mee te begin:
  **Vraag 3:**
  **Hoe kies dominee die liedere wat ons Sondag sing?**
  Elke lied wat ons in die erediens sing, het ŉ selfstandige liturgiese funksie. Ons sing nie maar enige lied bloot omdat dit vir ons lekker of mooi is nie. Ons sang is gerig op God en op sy eer. Daarom is die sang (en begeleiding) diensbaar aan die woorde waarmee ons met God praat, omdat die hele gemeente so aan die woord kom. Die lied is dus as't ware ŉ "formulier" om in eenheid saam as gemeente te kan bid, te smeek, te bely, te prys, te verheerlik, te verootmoedig, ens. Dit is dus geïnspireerde woorde wat die gemeente se gesindheid van eerbied en liefde tot God, tot uitdrukking bring.

  Omdat die liedere deurlopend ons antwoord op God se groetseën, op die Wet, ons belydenis, die Woorddiens, ens. is, moet dit ordelik wees in die Bybelse sin van die Woord. Ons vryheid beteken nooit willekeur, ongebondenheid en slordigheid nie. Daarom word die liedere met groot moeite gekies om seker te maak dat die

woorde inpas by die liturgie, by die Woorddiens, en dat dit die Woordbediening ook so versterk.

Calvyn het gesê dat om die liturgie van die erediens saam te stel vat net so lank as wat dit vat om die preek te skryf. Daarmee wil hy ons leer hoe belangrik dit is om die regte orde en liedere te kies. Laat ons dus nie maar net saam sing omdat die woorde op die bord is nie. Gaan sit en dink, hoekom sing ons nou hierdie lied? Wat sê ons daarmee? Hoe dien dit om aan God al die eer te gee?

- **Koster**

Die Koster posisie is steeds beskikbaar en aansoeke kan by die kerkkantoor ingegee word of e-pos dit aan: gkerkpburgsuid@telkomsa.net

  - Die vergoeding is R3400 per maand
  - Eie vervoer is vereiste en uit die aard van die saak sluit dit ure oor naweke in

- **Susters**
- Teeskinkbeurte

| | |
|---|---|
| **25 Februarie:** | Magda Thiart<br>Betsie de Witt<br>Lienkie Hoogendyk<br>Sunette Snyman |
| **04 Maart:** | Wilma Botha<br>Natasha Oberholzer<br>Veronica Schutte<br>Anne-Marie van der Walt<br>Bettie Combrink |

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

**Ons herinner weer die susters aan die saamtrek op Louis Trichardt op die 10de Maart. Hier is nog baie min susters wat aangedui het dat hulle gaan.**

- **Beroepenuus**

**BEROEPE AANVAAR**

  - Proponent JAG Henning (Kosie) na Harrismith.
  - Proponent JPL van Jaarsveld (Vickus) na Krugersdorp-Wes/Magaliesburg-kombinasie.

**BEROEPE BEDANK**

  - Ds C Jooste (Christiaan) van Waterberg na Brits.
  - Ds FJ van Rensburg (Frikkie) van Rustenburg-Noordoos na Komatipoort.

- **Bybelstudie**

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Bendor Pastorie |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Flippie Hoogendyk (082 695 0799) | Sondag, 11:00 | Van huis tot huis |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:00 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Donderdag, 18:30 | Bendor Pastorie |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word.**

Indien daar lidmate is wat individueel of in gesinsverband wil huisbesoek doen, het ek 'n paar wat ek vir julle kan aanstuur. My adres is: altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees
Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus

- **Plasings in die Basuin**

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Lynda Both kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur. **Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# Kalender

***Verjaardae***

| Datum | Naam | Belydend/Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| So. – 25 Feb. | Lize Combrink | D | 073 318 8142 |
| | Harriet Krüger | B | 076 394 1396 |
| | Kudu Pretorius | B | 082 929 9751 |
| Ma. – 26 Feb. | Daleen Coetsee | B | 079 490 2678 |
| | Retief Gouws | B | 072 437 7938 |
| | Heinrich Grobler | D | 015 295 8820 |
| | Magda Thiart | B | 082 853 4434 |
| | Hannes Vermeulen | B | 082 332 6998 |
| Di. – 27 Feb. | Arthur Botha | | 084 767 3428 |
| | Wynand Kleingeld | B | 073 416 4306 |
| | Peter O'Reilly | D | 082 421 6982 |
| Wo. – 28 Feb. | Herman van Ree | B | 082 672 2511 |
| Do. – 01 Mrt. | Dirk Korff | D | 082 802 3740 |
| | Anrike Nagel | D | 015 296 4305 |
| | Elma Venter * | B | 082 803 4740 |
| Vr. – 02 Mrt. | Erica Jansen | B | 073 560 2771 |
| Sa. – 03 Mrt. | Colette du Plessis | B | 082 751 0796 |

**Huweliksherdenkings**

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 26 Feb. 2005 | Dawie en Alfrieda Lessing | 13 | 083 627 4751/083 636 4057 |
| 28 Feb. 2009 | Martin en Nadia Ras | 9 | 082 904 6601/073 106 0600 |

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
**Tydelike koster:**
Cassie Carstens
081 354 3400

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581
Marisa Linde
083 408 2100
Renchia Grobbelaar
072 634 3442

| **Kerkkantoor** | Lynda Both |
|---|---|
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | gkerkpburgsuid@telkomsa.net |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg-Suid** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |